FABASA

In Besigheid behoort jou sesde sintuig jou eerste sintuig te wees.

ONTWIKKEL JOU 'DIER-INSTINKTE' IN DIE SAKEWÊRELD

André Diederichs

FAMILIEONDERNEMING- WENKE

DAAR WORD DIKWELS GESPEKULEER OF SUKSESVOLLE ENTREPRENEURS SE TALENT AANGEBORE IS EN OF DIT BLOOT AANGELEER KAN WORD.

In die diereryk weer maak diere gebruik van hul eiesoortige en ingebore supervaardighede vir oorlewing.

Die vraag ontstaan nou hoe diere se supervaardighede met vrug in die sakewêreld ingespan word.

Benewens die mens se vyf sintuie, naamlik sig voel, ruik, smaak en gehoor, beskik diere oor 'n supervaardigheid wat die mens nie het nie.

Byvoorbeeld, terwyl mense moet aanleer hoe om die sterre vir navigasiedoeleindes te gebruik, kom dit natuurlik vir trekvoëls.

Hierdie voëls neem die magnetiese velde om die aarde waar en gebruik dit dan om hul rigting te bepaal wanneer dit te bewolk is en hulle nie die son of die sterrestelsel kan sien nie.

In hierdie geval bied die Noordster 'n deurlopende verwysing om hulle rigting te bepaal.

Nog 'n voorbeeld is walvisse wat weer die elektromagnetiese-velde op die bodem van die oseane kan sien.

Die naaste wat ons aan die supervaardighede van die diereryk kom, is ons sesde sintuig – en dit is van groot belang, veral in die sakewêreld.

Miskien om te vergoed vir hul ander beperkings, wend sakelui hulle dikwels tot die mens se geheimsinnige sesde sintuig of supervaardigheid om voordeel te kan trek uit 'n saketransaksie of projekte.

In die diereryk word hierdie sesde sintuig supervaardigheid genoem – dit is baie meer as bloot die normale vyf sintuie en is in 'n sekere sin deel van hulle geboortereg.

Baie kenners glo dat entrepreneuriese vaardighede mettertyd ontwikkel kan word. Bykans tot die vlak van die mens se geheimsinnige sesde sintuig.

Die woord entrepreneur is afkomstig van die Franse woord *entrependre*, wat 'onderneem' beteken.

Sakekenner, Peter Drukker, reken dat entrepreneurs nie spesifieke persoonlikheidseienskappe hoef te hê nie.

Aan die hand van sy ervaring van 30 jaar, het hy vele uiteenlopende persoonlikhede waargeneem wat goed as entrepreneurs gevaar het en daarom glo hy dat entrepreneursvaardighede wel aangeleer kan word.

Sakelui word met verloop van tyd en ná talle probeerslae en mislukkings suksesvol ook as gevolg van hul sesde sintuig om winsgewende sake-geleenthede uit te snuffel en daarop te kapitaliseer. Dit verg egter 'n sekere hoeveelheid ondervinding en 'oefening' om dit te bereik.

Tog bly die hoofbestanddeel van entrepreneuriese sukses die besluit om jou eie onderneming van stapel te stuur en dit dan te doen.

Om die gemakstoele van die korporatiewe wêreld te verlaat en eerder jou eie 'generaal' te wees in plaas van bloot 'n korporatiewe 'soldaat' verg geweldige moed van jou oortuiging.

Ander noodsaaklike bestanddele is om jou sakeinstinkte te 'ruik' te 'hoor' en te 'sien' wanneer geleenthede hulself voordoen. Om dit aan te voel!

Die kuns is om nuwe geleenthede raak te sien in 'n mark, wat in 'n sekere sin oorversadig is. Om nuwe 'skaarsheid' met produkte of dienste te skep is die kernverskil tussen 'n ware entrepreneur en een wat bloot sy onderneming van dag tot dag bestuur.

Entrepreneurs is nie alleen dinamiese individue met interessante en uitdagende stories nie.

Hulle is individue wat 'n waardevolle bydrae tot die land se ekonomie lewer – vanaf die skep van nuwe sake-geleenthede tot werkverskaffing. Inteendeel, hulle verdien erkenning want hulle is die 'masjienkamer' van die ekonomie wat 'n beter lewe vir ons almal skep!

Om die boek, Besigheidsoerwoud, te bekom, besoek:

https://andrediederichs.co.za/books-dvds-cd/